Die Wapad

JAARGANG XIX — WOENSDAG, 9 SEPTEMBER 1964 — NR. 12

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

NUSAS IS INSTRUMENT VIR DIE KOMMUNISME

A.S.B. President spreek massa toe

Hierdie feit is beklemtoon op 'n geslaagde A.S.B.-programvergadering wat deur mnr. P. de Beer, die nuutverkose A.S.B.-president, op Woensdagaand 26 Augustus in die Totiussaal toegespreek is. Dit was mnr. De Beer se eerste openbare optrede voor enige geaffilieerde A.S.B.-tak in sy nuwe hoedanigheid. Na aan leiding van sy onderwerp: ,,Die eenheidstrewe onder Suid-Afrikaanse studente'' het hy verwys na die rol wat Nusas hierin speel.

Hy het verder ook daarop gewys dat daar drie groepe studente binne hierdie eenheidsbeweging onderskei moet word, naamlik 1. Die A.S.B., 2. die splintergroepe van Engelstalige studente wat van Nusas weggebreek het, 3. Nusas self.

Die beskuldiging dat die A.S.B. verantwoordelik sou wees vir die mislukte konferensie te Kaapstad, met die poging om 'n konserwatiewe Engelstalige organisasie te stig is baie duidelik deur mnr. De Beer weerlê. Hy het daarop gewys dat mnr. J. Driver, gewese president van Nusas, in 'n groot mate daartoe bygedra het dat die Afrikaanse sowel as van die konserwatiewe Studenteverteenwoordigers, die Kongressaal verlaat het.

NUSAS MOET ERKEN

Mnr. De Beer het weer eens herhaal wat hy in Kaapstad aan mnr. Driver gesê het ,,dat Nusas die manmoedigheid moet hê om te erken dat hulle 'n instrument vir die Kommunisme is omdat hulle toelaat dat Kommuniste lede van die organisasie word.''

Mnr. De Beer het dit duidelik gestel dat volgens Mnr. Driver se omskrywing dat ,,die A.S.B. by die Nasionale Party en die Broederbond geaffilieer is''. Nusas moet erken dat hulle in dieselfde verband as ,,Kommunisties geaffilieer'' omskryf kan word. Volgens mnr. De Beer het Nusas nog glad nie op hierdie uitdaging reageer nie. Hy het ook gewys op hoeveel Nusas-lede alreeds as Kommuniste gelys is en dat selfs Nusas-hoofbestuurslede hierby gemoeid is.

A.S.B. GEE STEUN

Die President het afgesluit deur die volmondige steun van die A.S.B. aan hierdie splintergroepe van studente wat nie meer met Nusas op sy on-Suid-Afrikaanse weg kan voortgaan nie, toe te sê. Hy het 'n beroep op die Afrikanerstudent gedoen om bewus te wees van die taak en roeping wat op hulle wag en ,,om staande te bly in die sekere wete dat ons die volkome reg het om as 'n eiesoortige groep te bestaan en dat ons aan ander ook hierdie voorreg gun.''

Volgens die applous wat mnr. De Beer ontvang het, het die gehoor sy toespraak waardeer en was dit 'n groot sukses.

NUWE A.S.B.-ORGANISEERDER

Saam met mnr. P. de Beer se verkiesing, is ook 'n voltydse organiseerder vir die A.S.B. gekies en wel in die persoon van mnr. Izak Meyer. Hy het ook takbesoek by die P.U. afgelê.

Mnr. Meyer het eers onderwys gegee en het aan die universiteit van Pretoria gestudeer. Hy het sy nuwe pos nou onlangs aanvaar en behartig al die A.S.B.-organisasie in die hoofkantoor te Pretoria.

MNR. P. DE BEER — Foto: Fotokuns

Speel versoeke

Die Diskoteekkomitee het nou besluit om aan die Studentemassa die geleentheid te gee om die plate te hoor wat hulle graag verkies. Sondagaande sal versoeke gespeel word sonder boodskappe, maar in die weeksaande ook met boodskappe. Persone wat belang stel, kan die versoeke in die bussie van die Diskoteek goci en dit sal dan so gou as moontlik gedoen word. Die Komitee behou hom egter die reg voor van sensorskap.

VERTREK

Mnr. W. D. Pienaar, gewese dosent van die departement Sielkunde en seun van mnr. J. J. Pienaar, hoof van die Hoër Handelskool in Potchefstroom, het verlede Dinsdagaand per vliegtuig terug vertrek na die Verenigde State van Amerika waar hy by die Universiteit van Kansas met sy doktorale studie besig is

Mnr. Pienaar het 'n aanstelling as assistent lektor aan die Universiteit Kansas aanvaar en hy sal waarskynlik nog drie jaar met sy doktorale studie in kliniese sielkunde besig wees

Duitse studente na Natal

Gedurende die afgelope langnaweek het twaalf studente van die Duitse Studentevereniging 'n besoek aan die Duitse Gemeenskap te Wartburg, in Natal, afgelê.

Die hoofdoel van die besoek was om Duits te praat in 'n tipiese Duitse gemeenskap. Die algemene mening is dat dit 'n reuse sukses was.

Die groep het Vrydagnag, 1 vm. hiervandaan vertrek en was om 12-uur middag op Pietermaritzburg — 18 myl van hul bestemming. Daar aangeland is hulle baie gasvry ontvang en om 4.30 nm. het hulle op tipiese wyse braaivleis saam met die Duitsers geniet. Wat veral opvallend was, was die spontane gasvryheid van die mense.

Die Duitse gemeenskap aldaar het die spesifieke naweek 'n Jubileumfees gehad, want presies 25 jaar gelede het die eerste matriekklas aldaar matriek geskryf in die ,,Wartburg Kirchdorf Schülerheim''.

PROF. OORSEE

Prof. J. J. A. van der Walt van die departement Musiek aan die Potchefstroomse Universiteit het op Woensdag 26 Aug. per vliegtuig na Salzburg, Oostenryk, vertrek, vir die bywoning van 'n internasionale musiekwetenskaplike kongres.

Prof. Van der Walt is die eerste Suid-Afrikaanse verteenwoordiger wat die kongres sal bywoon en sal na afloop van die kongres 'n 14-daagse besoek aan Lausanna en Genève, Switserland, bring vir verdere navorsing in verband met die Geneefse Psalmmelodië.

Prof. Venter onderneem studiereis

Prof. dr. Hertzog Venter, hoof van die departement Afrikaans-Nederlands aan die P.U. het op 14 Augustus na Europa vertrek waar hy verskeie Kongresse sal bywoon, en keer op 12 September terug.

Die eerste kongres wat prof. Venter sal bywoon is die Vyfde Internasionale Kongres insake fonetiese wetenskappe te Münster, Duitsland.

Van 9-11 September woon hy die tweede konferensie in Brussels, België by in verband met die onderrig van Nederlands deur dosente aan die buitelandse universiteite.

Hierna sal prof. Venter 'n besoek aan die Fonetiese instituut van dr. Mol aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam bring, asook 'n taalnavorsings-laboratorium in Eindhoven.

LEERLINGE BESOEK P.U.

Van Krugersdorp se katkisasiekinders het 'n groep van omtrent sestig, op Saterdag 29 Augustus, die Universiteit besoek.

Die groep, onder leiding van dr. Tjaart van der Walt, is rondgeneem op die Puk-kampus, om te sien waar en op watter maniere ook sommige van hulle eendag toegerus sal word vir die lewenstaak.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
Kies
FOTOKUNS
vir
PORTRETTE
en
GROEPFOTO'S
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

V.l.n.r.: RUDOLF BUCHBINDER, PETER GUTH, HEIDI LINDSCHAUER

WIENER TRIO

Die Weense Trio het onder beskerming van TRUK 'n uitvoering gelewer op 8 Augustus in die Konservatoriumsaal. Hulle het trio's gespeel van HAYDN, RAVEL en BRAHMS wat op 'n besondere manier vertolk is. Dit was 'n besondere uitvoering in die sin dat die werke wat gespeel is tegnies moelike werke is.

Die spelers was HEIDI LINDSCHAUER (tjello), PETER GUTH (viool) en RUDOLF BUCHBINDER (klavier). Die sewentienjarige pianis het veral 'n gunstige indruk op die gehoor gemaak aangesien hy ten spyte van sy ouderdom baie gemaklik en gevoelvol speel. Die samewerking en eenheidsgevoel wat hierdie drie Oostenrykers as kunstenaars kenmerk, was opvallend.

Die konsert was die laaste Meesterkonsert wat in die Konservatorium aangebied is vir 1964.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

Mooi Wintermateriaal

★

Nomotta-wol in Voorraad

Dit is die snit wat tel . . .

★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 1

JOHN GLEGG LEWER UITVOERING

'n Briljante klavieruitvoering is deur die jong Britse pianis **John Glegg** in die Konservatoriumsaal op 28 Augustus aangebied.

Die pianis het 'n interessante program aangebied en wat dit aan waarde verhoog het, is die feit dat hy vooraf 'n verduideliking gebied het oor elke werk wat hy gespeel het. Hy het onder andere **variasies in F mineur van Hydn, Sonate Pathetique opus 13 van Beethoven, vier Etudes van Chopin** en **twee Preludes van Rachmaninoff** gespeel.

Hierdie konsert is moontlik gemaak deur die Vereniging van Musiekonderwysers.

KUNSGESELSIE

Een van Verdi se aangrypendste operas „Il Travatore" (Die Troebadoer), is vandeesweek in Johannesburg opgevoer. Ongeveer 45 Pukke is Woensdagaand met die Pukbus na Johannesburg om die opvoering te geniet.

Hierdie opera van Verdi bestaan uit vier bedrywe en is 'n spel vol van misverstand en wraak.

'n Man met die naam Ferrando vertel op 'n aand aan die slawe van die graaf De Luna die verhaal van die verdwyning van die graaf se klein broertjie, Garzia.

Op 'n oggend sien iemand 'n sigeunerin oor een van die seuntjies (daar was twee) van die ou graaf De Luna buk en iets prewel. Met die vermoede dat dit 'n bose wens was, word die sigeunerin gevang en op die brandstapel verbrand. Voor sy sterf, skree sy aan haar dogter om haar dood te wreek. Na hierdie verbranding vind die mense van die hof die kindjie uit sy wiegie verdwyn en vind verkoolde beentjies langs die lyk op die brandstapel.

Die ou graaf Da Luna het egter nog altyd geglo dat sy seun nog lewe en op sy sterfbed beveel hy sy ander seun, ook genoem De Luna, om sy broertjie te soek.

Dan verskuif die fokus na Leonora, hertogin van Sergaste en kamervrou van die koningin van Aragon, waar sy in die paleistuin staan. Inez, haar vriendin en mede-kamervrou, praat met haar. Leonore vertel aan Inez dat sy 'n tyd gelede 'n lourierkrans moes plaas op die hoof van 'n geheimsinnige swart ruiter, op fie sy verlief geraak het.

Intussen staan De Luna iewers in dieselfde tuin. Agter hom hoor hy die lieflikste klanke van 'n harp. Leonora klim deur die venster en kom na hom aan onder die waan dat dit hy is wat so pas gesing het. Dan roep Manrico, van wie die klanke afkomstig was, en Leonore sien dat sy haar misgis het.

De Luna herken Manrico as die persoon wat leier is van die rebelle teen wie die koning se soldate al so lank met groot verliese veg.

Dan verskuif die toneel weer. Manrico lê by haar, gewond deur een van die koning se soldate. Dan vertel Azucena aan Manrico die verhaal van haar moeder wat op die brandstapel gesterf het en dat sy, Azucena, haar eie suigeling op die brandstapel gewerp het in die waan dat dit Manrico, tweede seun van die ou graaf De Luna, was. Manrico raak geweldig ontroer deur die feit en om hom te troos sê Azucena dat die graaf se kindjie kort daarna gesterf het en dat hy, Manrico, haar tweede kindjie is. Sy beveel hom ook dat hy sy grootmoeder en broertjie se lewe moet wreek en De Luna moet doodmaak.

Hierna ontvang Manrico tyding dat Leonore besluit het om 'n non te word omdat sy glo dat haar minnaar dood is. De Luna het ook van haar besluit verneem en wil vir oulaas nog probeer om haar te oorreed om met hom te trou.

Dan begin die klok bo in die toring te lui en die nonnekoor sing terwyl Leonore na die altaar beweeg. De Luna storm na binne, smeek Leonore om met hom te trou en gryp haar met geweld weg. Manrico storm tussenbeide en 'n tweegeveg ontstaan amper. Ruiz, 'n aanvoerder aan die kant van Manrico, ruk die swaard uit De Luna se hand terwyl Manrico en Leonore wegvlug.

Ferrando bring tyding aan De Luna dat die wagte so pas 'n ou sigeunerin gevang het. Hulle herken haar as Azucena. De Luna beveel dat sy op die brandstapel sal sterf. Hy wil haar folter omdat hy uitgevind het dat sy die moeder van Manrico is.

Intussen wag Manrico en Leonore dat hulle in die huwelik bevestig moet word en ontvang dan tyding van sy moeder.

Op pad daarheen word hy en sy manskappe in 'n hinderlaag gelei en hy word ook veroordeel tot die brandstapel.

Ruiz en Leonore sluip na die kamer waar „moeder" en seun gevange gehou word. Daar fluister hulle hul liefde vir mekaar. De Luna kom ook by en smeek Leonore weer om met hom te trou. Sy belowe dat sy met hom sal trou as hy Manrico sal vrylaat. Dan druk sy haar goue ring teen haar mond en suig die dodelike gif op wat daarin is. Leonore word toegelaat om afskeid te neem van Manrico wat besig is om sy moeder te laaf. Hy kom onder die indruk dat sy geliefde vals is en vervloek haar. Sy vertel hom dat sy besig is om te sterf en gaan dan dood in sy arms.

Desnieteenstaande die belofte word Manrico nogtans verbrand. Azucena sien dit en vertel aan De Luna dat Manrico sy eie broer was.

* * *

So eindig die hele verhaal op 'n grootse tragedie, maar so aangrypend dat menige toeskouer in hierdie stemming huiswaarts keer.—Amateur.

Neil Immelman en Henk Temmingh tree op

Collegium Musicum het op Saterdagaand, 22 Augustus, in die vierde jaarprogram 'n klavieruitvoering deur Niel Immelman en orreluitvoering deur Henk Temmingh aangebied.

Niel Immelman het 'n verbasende tegniek getoon vir sy negentien jaar van 'n goeie begrip van musiek uit sowel die Klassieke, Romantiese en Moderne periode in die musiekgeskiedenis. Komponiste wat hierdie tydperke verteenwoordig het in sy uitvoering, was onderskeidelik Beethoven, Schuman en Chopin, Fauré en Debussy.

Henk Temmingh het weer eens die gehoor sterk beïndruk met sy orrelspel in werke van Bach, Mendelssohn en die moderne Nederlandse komponis H. Andriessen. Sy toegif was treffend, die hoogsmoderne „Chant Heroique" van Lau Glais.

Mnr. Temmingh van die P.U. en mnr. Immelman van Bloemfontein is albei beurshouers wat in die nabye toekoms vir verdere studie oorsee vertrek.

Die Bruidshoekie

Die winkel vir die Bruid en haar gevolg

TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106

LA VOGUE

Die Besigheid van Kwaliteit

Tel. 440 — Potchefstroom

In U Lig

2 TIM. 1 : 8. Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God.

Dit is bejammerenswaardig hoe min getuienis van die Christen uitgaan. Die Christusbelyder het skaam geword vir die getuienis van ons Here en vir sy Evangelie. Skaam omdat hy halfhartig vashou aan die beloftes van Christus. Skaam omdat Christus nie meer die Alfa en Omega in sy lewe is nie.

Die Kommunis, die liberalis en selfs die godloënaar het die vermetele moed om sy valse geloof uit te lewe. Maar die Christen is te skaam om sy edele belydenis en ware geloof uit te lewe.

Christus beteken nie meer vir ons die Lewe nie. Sy grootheid en majesteit word ingeperk tot Sondae en tot die Kerk. Die res van die lewe word Hom ontsê.

In die teksvers staan twee gedagtes duidelik geteken nl. stryder en lyder. Vanuit sy tronksel in Rome skryf die stryder Paulus om Timotheüs op te wek tot die uitleef van sy belydenis. Skaam jou nie maar toon jou identiteit. Stry hard om daardie belydenis tot sy volle krag te laat kom 'n Belydenis wat die lewe beteken. Paulus wat aanstonds die dood tegemoet sal gaan, bemoedig sy ,,geliefde kind'' om die stryd vol te hou. Al spot die mense nogtans moet Timotheüs hom nie skaam nie.

Timotheüs moet nie vrees vir al die gevare wat dreig nie. Die valse leraars wat sy werk binne die kerk wil ondermyn moet hy met alle mag beveg. En al het die gevaar gewoed as gevolg van die vervolgers en vyande rondom die kerk, nogtans moet Timotheüs sterk staan in sy belydenis.

Verder bemoedig Paulus ook Timotheüs deur sy ongeveinsde geloof te vind aan sy moeder en grootmoeder se vaste geloof. Timotheüs is nie die enigste wat swaar kry nie. Nee, in sy familie is reeds getuienis van stryderesse wat hulle belydenis gelewe het.

Oor niks hoef Timotheüs hom te skaam nie. Inteendeel, hierdie dinge moet hom juis bemoedig in die stryd.

Die stryd gaan oor ,,die getuienis van **onse** Here.'' Geen verafgeleë en koue opperwese of godheid nie. Nee, dit gaan aan die persoonlike en nabye Here. Dit is **onse** Here en Hy is by ons. Hy is onse Koning en ons staan nie alleen en verlate in ons stryd teen die satan en sy magte nie.

Paulus bring die Evangelie egter in alle eerlikheid tot Timotheüs. Daar is 'n stryd wat wel gewen sal word maar daar is ook verdrukkinge wat gely moet word. Die be-lyder van Christus is ook lyder.

Om te getuig beteken ook om martelaar te word. Maar dan nie 'n Fariseër-gestalte martelaarskap wat probeer om daardeur 'n eie verdienste of eiegeregtigheid te verwerf nie. Dit gaan nie om te ly ter wille van die lyde self nie of om te kan spog met 'n sterk geestelike uithoudingsvermoë nie. Dit is lyde terwille van die Evangelie. Paulus se hele lewe na sy bekering getuig van so 'n lyde. Die Here sê aan Ananias: ,,Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir My Naam moet ly.''

Die belydenis moet nie alleen bely word nie maar dit moet ook gely word. Lyding is ook belydenis. ,,Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus'' sê Paulus in Hoofstuk 2. Lyder en stryder is onafskeidbaar.

Die lyde is ook nie 'n alleenlyde nie. Daar word **saam** gely. Nie in eie krag nie. ,,Na die krag van God.'' Die weg van die stryder gaan deur lyde tot loutering.

Kyk dus weg van die teenswoordige swakheid en vertrou op die krag van God. Stry en ly vir die getuienis van onse Here en Sy Evangelie totdat ons in Sy krag die oorwinning sal aanskou.

Wat het van ons belydenis geword? Stry en ly ons nog daarvoor of is dit al toe onder die stof van geestelike doodsheid? Deins ons telkemale maar terug as die getuienis van onse Here in die gedrang kom? Ons verdra maar die slegte en kwade terwyl ons skaam geword het vir die goeie. As ons Christus verloën sal Hy ons ook verloën. Maar dank God: ,,As ons ontrou is, Hy bly getrou: ,,Hy kan Homself nie verloën nie.''

AMEN.

A. L. Coetzer.

REDAKSIE

Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.
Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X096.
Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.
Nuusredakteur: Gert Krüger — Tel. X09.
Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.
Danie van Wyk — Tel. X041.
Varia: Paul Steyn — Tel. X041.
Adri Griffioen — Tel. X044.
Kunsredaktrise: Wilna Krüger — Tel. X044.
Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.
Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.

,,VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . .''

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

Die Wapad

WOENSDAG, 9 SEPTEMBER 1964

Nusas -- Tweegesig of nie?

Presies 25 jaar gelede het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en is die wêreld in chaos omskep. Waarop dui die huidige toestande? Die wêreld is 'n kookpot van ongeregtighede.

Op interuniversitêre vlak kook en woel dit ook nog. Weer eens is Nusas onder bespreking en wel as gevolg van 'n verklaring uitgereik na aanleiding van die vorige President, Jonty Driver, se Botha's Hill-verklaring. In 'n skrywe wat Die Wapad ontvang het probeer Nusas verduidelik dat daardie verklaring nie reg opgeneem is nie. 'n Lang verklaring, punt vir punt uitgewerk, word ter verdediging aangevoer. Hulle versoek dan ook om die verklaring net so te plaas om alle misverstande uit die weg te ruim. Dit kan egter beswaarlik gedoen word en wel om die volgende rede:

Uit Nusas se eie geledere het hulle verklaar dat Nusas **,,Twee gesigte''** het, 'n bogrondse gesig en 'n ondergrondse gesig, en die twee gesigte weet hoegenaamd niks van mekaar se doen en late nie. Hoe weet ons nou of dit nie net dalk die bogrondse gesig is wat 'n verklaring wil aanbied vir Bothas Hill nie? Ek glo nie daardie verklaring kan aangeneem word nie.

In 'n onlangse Persverklaring, uitgereik deur Nusas, doen hulle 'n beroep op alle outoriteite om byeen te kom om die huidige krisis te bespreek. Hulle stel dit as volg: ,,The National Executive of Nusas has spent much time considering the serious situation which exists in South Africa at present . . . '' Verder word ook melding gemaak van die onrus, sabotasie (Johannesburg se stasie) ens., en dan kom die bogrondse gesig met die volgende verklaring:

,,Nusas cannot and will not condone extra-legal activity of this kind. It calls on the members of Nusas and South Africans generally to observe the rule of law.''

Selfs die regering word ook aangeval (die ondergrondse gesig). Hulle sê dat die aanhoudende mislukking van vredeliewende pogings van die kant van die regering om die saak te skik, baie mense al desperaat en wanhopig gemaak het.

Hulle stel dit as volg:

,,We recognise that many people in this country have been driven to desperation by the continued failure of peaceful and democratic means of bringing about change in the country; and that the policies of the government, in refusing to allow their opponents the rights which would enable them to bring about change peacefully and democratically, are the main causes of this desperation''.

Verder rig hulle 'n versoek tot die Eerste Minister en die Departement van Justisie ten opsigte van Klousule 17 van ,,the General Law Amendment Act'' en wel as volg:

,,We request the Prime Minister and the Department of Justice to ensure that those being detained should either be charged and brought to trial, or should be immediately released; and we call on the Minister of Justice (?) to fulfil immediately his promise to repeal Clause 17 of the General Law Amendment Act''.

Hoe kan mens nou nog glo dat Nusas wel vir die Afrikaner se saak staan, veral in hierdie tyd wat toestande dreig en dinge op internasionale vlak nie te rooskleurig lyk nie?

NAVORSING SITRUS

Daar word eersdaags 'n uitgebreide navorsing onderneem met betrekking tot die sitrusbedryf met behulp van 'n aantal na-graadse studiebeurse wat deur die Schlesinger-organisasie beskikbaar gestel is.

'n P.U.-groep bestaande uit verteenwoordigers van die administrasie en die departemente dierkunde en plantkunde vertrek Donderdag 26 Augustus in hierdie verband na die Zebediela Estates, die grootste sitrus-onderneming in die land.

Die navorsing sal onder meer plantkundig en gronddierkundig van aard wees.

PAN COETZEE

Mans- en Sport-Uitrusters

TEL. 899

POTCHEFSTROOM

★

P.U.-KLEURE MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

DIE BULT APTEEK

TOMSTRAAT 88b en 88c

KOM

KYK NA

ONS . . .

N-U-W-E

PERSEEL!

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

Die Bruidshoekie

Die winkel vir alle

BRUIDSUITRUSTING

en haar gevolg volgens

eie ontwerp en keuse

Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke

Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.

FOON 3151

Kerkstr. 106 — Foon 3151

POTCHEFSTROOM

Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste

Vir Dameshakkies en kleur van skoene.

NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

FOTOBE

PROF. J. CHR. COETZEE het vanjaar sy laaste graad as Rektor van die Puk toegeken.

Pannekoekbakkers aan die werk tydens die vlotbouery met Vreugdedag

Alle portretstud
kuns, behalwe
verm

W. VAN AAR
kaptein in aksi



Die Fisika Departement maak gebruik van lugballonne in hulle navorsing.

'n Hewige sneeuval gedurende Junie vanjaar was verantwoordelik vir heelwat kas
die kampus.

'n Toneel uit die Duitse toneelstuk, ,,Eigensinn''.

Fietsreisies met Vreugdedag

Die A.S.B.-kongres is vanjaar in Julie deur die Puk aangebied. Van links na regs verskyn mnre. Paul de Beer (nuwe President van die A.S.B.), Das Herbst (Oud-President), A. M. van Schoor en A. K. Roodt. Mnr. Van Schoor het die Kongres geopen.

Die laaste Vreugdedag van die Puk in joolvorm is vanjaar op Potchefstroom gehou. Van aanstaande jaar af sal Vreugdedag nie meer met vlotte gepaard gaan nie.

LD 1964

eur Foto-
anders

die Judo-

Oosterhof se modeparade.

Die Puk het vanjaar vir die eerste keer daarin geslaag om die Dalrymple-beker te buit. Hier verskyn mnr. Koos Bosman en Pietman Botha, kaptein van die atletiekklub, daarmee.

des op

MNR. K. BOSMAN ontvang 'n ere-toekenning van mnr. F. du Plessis, die S.R.-Voorsitter.

Die Pluimbalspan het vanjaar besonder goed gevaar. Hier is R. de Klerk in aksie.

„Mej." B. Barnard — 'n toneel tydens Vreugdedag.

'n Paar kleurvolle kollektante met Vreugdedag.

Mnre. Jack van der Linde (links) en Frik van Deventer (regs), Hoofdirigente van die Puk en U.O.V.S., verskyn saam met die Hoofdames van die twee inrigtings.

GEKUS EN GEKEUR

Die Intervarsity-neerlaag het beslis nie demoraliserend ingewerk op die sleepaktiwiteite nie, inteendeel. Of was dit die opswepende geklop van treinwiele wat die mense tot sulke nuwe erotese neigings aangespoor het. Miskien word daar maar net inspirasie gesoek vir die kwaai swot wat nou voorlê. Helaas, alle ander gesaghebbendes, kenners en deurgronders van die puberteitvraagstuk sal beaam dat hierdie verliefdheid maar 'n normale toestand is. Moet dus nie selfbewus voel oor julle toenaderingsaksies nie. (Pas net op vir die tegnieke!)

Met intervarsity het **Julius Musmann** verskyn en met die lente het sy baard verskyn en dit was eens te veel vir **Laura Benade.** Hy is nie meer op Varsity nie, en toe het hulle maar ge-,,Inter''.

Maar Intervarsity het ook ander spoke opgejaag as Bakkies van Wyk. Daarom wag **Mariana Louw** gespanne op die koms van die naweek wat glo 'n Kovsie gaan meebring.

Die teenspoed op die Vrystaat-Stadion is heeltemal gekanselleer deur die voorspoed wat **Jeanette Swart** en **George Simpson** op die Puk-Kampus beleef. In hierdie kategorie val ook **Charlotte Bosman** en **Leon Jansen, sowel** as **Annette (Donsie) Schutte** en **Kobie de Klerk.**

Helena Griffioen se kamer lyk glo deesdae soos 'n lushof as gevolg van al die ruikers wat **Freek Viljoen** aanry.

Wie sal nou nog sê dat akademie nie sy doel dien nie? Die B.Sc. praktiese klasse was verantwoordelik vir die ontmoeting tussen **Ananda Oosthuyzen** en **Wallie van der Walt.** Hy het haar nie onder 'n mikroskoop ontdek nie.

Kristie Heyns ontvang glo deesdae knaend hooflynoproepe van **Tienie Kleynhans** van Parys (S.A.) Met die nuwe installasies kan die outamatiese gevolg 'n kys wees.

Cilie Kotze en **De Vries Grobler** het agtergekom dat die Puk se bib. net so toereikend is soos Tuks s'n.

En dan bly die eerstejaars in Oosterhof se aanhang nog groot. Die Jongstes aan wie daar gehang word is **Albertje Bornman, Dienie Dul** en **Pranie du Plessis** en die aanhangers respektiewelik **Frans Nel, Roelf du Plessis** en **Hannes Visser.**

Weiss Doubell het agtergekom dat daar agter die Rektor se koue blik 'n warm hart skuil. Of nog beter: dat daar agter elke kwaai pa 'n vriendelike dogter staan. Opsommend: **Weiss en Bettie** is deesdae betreklik tweesaam.

En dan doen gerugte die ronde dat die non-spelers van Thalia nou eers op die toneel verskyn, veral die geagte Varia redakteur wat vir Sannie Smit elke aand by Kulu gaan haal.

En dan het die Intervarsitytrein ook sy humoristiese bydrae gelewer met die ,,Kloster-Fibea''-Episode. Santie en Ilse het te midde van 'n rukkende wa hierdie episode van binne en buite beleef onder die waaksame oë van Pampoen Coetzee.

VERLOWINGS:

Die Kampus skitter tans behoorlik van al die blink klippies. Geluk aan al die volgende verloofde paartjies.

Hester van Wyk
— Johnnie Kruger.
Madri Potgieter
— Andries Venter.
Elma Venter
— Matty Viljoen.
Bertha Watson
— Erie Baumbach.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

AANTREKLIKE LOOPBANE

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

	Indien in besit van	Aanvangsalaris
Assistent-ingenieur	B.Sc. Ing.	R2,250 p.j.
	B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc.	R2,400 p.j.
	M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc.	R2,550 p.j.
Metaalkundige / Skeikundige	B.Sc.	R1,950 p.j.
	Hons.-B.Sc.	R2,100 p.j.
	M.Sc.	R2,250 p.j.
Bestekopmaker	Diploma Bourekening	R1,950 p.j.
	B.Sc. Bourekening	R2,100 p.j.
	M.Sc. Bourekening	R2,250 p.j.
Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar)	'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis	R1,425 p.j.
	'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis	R1,650 p.j.
	'n Magistergraad	R1,875 p.j.
	'n Doktorsgraad	R2,025 p.j.

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3548

ONS UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK (5)

Studente vermy dikwels die biblioteek omdat hulle daarmee onbekend is of nie vertroud is met die prosedures wat gevolg word om boeke of inligting te vind nie. Hierdie probleem kan maklik opgelos word deur slegs een keer die moed bymekaar te skraap, na die biblioteek te gaan en vir die personeel by die uitleentoonbank te vra om alles omtrent die biblioteek en sy gebruik te verduidelik.

'n Biblioteek skep soms die indruk van 'n sombere werkplek met 'n doodse atmosfeer waar 'n mens vasgevang word in talle reëls en regulasies. Hierdie beeld is egter soos die oningewyde die biblioteek sien.

Daar is wel reëls en regulasies wat die gebruik van die biblioteek betref, maar dié is alleen daar om gebruik te bevorder en is almal opgestel om die gebruiker te begunstig. Stilte word gehandhaaf sodat enige gebruiker altyd verseker is van geleentheid om rustig te werk. Naslaanwerke en gereserveerde boeke mag slegs in die biblioteek gebruik word sodat dit altyd vir alle gebruikers beskikbaar en toeganklik kan wees. Boeke moet behoorlik uitgeneem en die lening by die uitleentoonbank geregistreer word sodat die personeel kan weet waar die boek is wanneer iemand anders later daarom vra. Dink net aan die ergernis en koste wanneer iemand na 'n boek kom soek wat uit die biblioteek gedra is sonder dat dit by die toonbank uitgeleen is.

Die uitleentoonbank is die sentrale punt van die uitleen- en naslaanafdeling. Hier kan die gebruiker enige inligting omtrent die biblioteek verkry, naslaanvrae stel en boeke uitneem. Die groot studiesaal is 'n belangrike deel van die uitleen- en naslaanafdeling waar studente rustig kan sit en werk uit naslaanwerke en boeke uit die magasyne. Boeke wat hier gebruik word, word nie weer deur die leser op die rak teruggeplaas nie, maar op die tafels gelaat om later deur die biblioteekpersoneel weggepak te word. Dit verseker dat boeke nie per abuis op die verkeerde plekke geplaas word nie.

Die naslaanversameling vorm 'n baie belangrike deel van die werke wat in die studiesaal gebruik word. Dit neem egter lank om die hele naslaanversameling te leer ken en dit is wenslik om hier die hulp van die biblioteekpersoneel in te roep wanneer u na iets soek. In latere uitgawes van Die Wapad sal ook meer vertel word omtrent spesifieke naslaanwerke en hulle gebruik.

Die magasyne op die grond- en eerste vloere bevat die boeke wat vir uitlening beskikbaar is. Die maklikste metode om 'n benodigde boek te vind is om eers in die katalogus vas te stel of die biblioteek dit wel besit en by watter afdeling dit gevind kan word, voor daar op die rak gesoek word. Indien u die boek nie op sy plek vind nie, vra die personeel om vas te stel of dit nie reeds uitgeneem is nie of om u daarna te help soek. Boeke wat reeds uitgeneem is kan vir u bespreek word wanneer dit terugkom.

Soms word boeke uit die magasyne deur 'n groot aantal studente gelyktydig benodig en die gebruik is dan dat dosente hierdie werke slegs vir gebruik in die biblioteek reserveer. Sulke werke is op aanvraag by die toonbank beskikbaar en moet in die studiesaal gebruik word, maar mag wel van sluitingstyd in die aand tot die biblioteek in die oggend open uitgeneem word.

P. Aucamp.

KORRESPONDENSIE

Geagte redakteur.

Indien ek sou begin om met 'n afgeleefde perd klas toe te kom, hom voor die Hoofgebou kom vasmaak om vir hom daar voer en water te gee, wat sal gebeur? Ek sal 'n bespotting van myself maak en ander verontrief met 'n stalatmosfeer — ander wat hulle nie aan so 'n oerpraktyk skuldig maak nie.

As daar iets is wat enige ouheer nog erger die keel uithang as 'n perd voor die Hoofgebou, dan is dit die ontydige hekkery of ,,second catch'' van die dore wanneer dit begin Lente word. Dit wil my voorkom — nee, dit is so — asof hier op die Puk ook 'n groep Rip van Winkels is wat nog verder agter die tyd is as studente wat te perd klas toe gaan. Hierdie groep bestaan uit 'n klomp siniese, stereotiepe en onoorspronklike oudames wat uit kompensasie vir hulle eie frustrasies eerstejaars summier hek vir onbenullighede. Altyd is dit maar die bekende straf — hek. Selfs dit blyk 'n maatreël te wees wat in hulle onverantwoordelike hande in 'n tirannie ontaard het.

Komaan, julle oudames, ons weet julle val so maklik in 'n groef, maar raak tog nou eenmaal oorspronklik en dink 'n straf uit waarby ons as mans nie ook ingesleep word nie. Sal julle nou maar voortgaan met hierdie ouma-gebruik totdat dit net soos kosaandraery na julle beddens van Owerheidsweë stopgesit word?

Siestog, openbaar nou 'n slaggie die karaktereienskappe van volwassenes wat ongeregverdigde hekkery as benede hulle kinderagtigheid beskou

Ek dank u vir plasing.

,,Verontwaardigde Ouheer''.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Tam Theosspan moet knie buig voor Dorp

Die Eerstespan is verlede Saterdag in sy laaste Neserbekerwedstryd van die seisoen deur Potchefstroom-Dorp met 22 punte teen 6 op die Park verslaan.

Dit was 'n tam Pukspan wat dwarsdeur die wedstryd lusteloos voorgekom het en nooit juis gelyk het asof hulle gang kan of wil kry nie. Die invloed van die vorige Saterdag se Intervarsity was duidelik merkbaar, en dit was slegs 'n skadu van die span wat so blink vertoon het op Bloemfontein.

Aan die anderkant het Dorp seker met hulle beste vertoning van die seisoen vorendag gekom en met aanskoulike en konstruktiewe rugby die Puk in alle afdelings van die spel oorskadu.

LYNSTANE OORHEERS

Met Wes-Transvaalse slot Ernst Claassen aan die spits het Dorp die lynstane oorheers, maar Dave Tromp het nogtans die indruk geskep dat hy met 'n bietjie meer ervaring nog groot rugby kan speel. Ook in die vaste skrums het die Puk tweede viool gespeel, maar hier moet bygevoeg word dat die verstandhouding tussen haker Bulletjie de Beer en Bennie de Klerk, wat in Gieter van der Walt se plek skrumskakel gespeel het, veel te wense oorgelaat het.

As gevolg van die oormag van hulle voorspelers kon Dorp dit bekostig om feitlik die hele wedstryd deur met 'n ekstra man in die agterlyn te speel en hier kon die Geeltruie onmoontlik nie al die gate toestop nie. Van aanval was daar weinig sprake en slegs vleuel Hannes Visser het een of twee mooi lopies ingekry.

Die Pukke se punte is behaal deur Spekkies de Villiers met 'n straf- en 'n skepskop.

NAVY EN FIRES

In die voorwedstryde is Navy deur Dorp II met 18-3 verslaan, terwyl Fires oor Dorp III geseëvier het.

STOEIKLUB PRESTEER UITSTEKEND

Die Stoeiklub van die Puk het tot dusver vanjaar 'n reeks uitstekende prestasies gelewer en kan tans spog met 'n onoorwonne rekord. Die eerste kragmeting van die jaar was teen G.O.K. Op daardie stadium was die meeste stoeiers van die Puk nog nuwelinge wat stoei aanbetref. maar ongeag hulle min ondervinding, het hulle daarin geslaag om 4 uit die 6 gevegte te wen, almal met valle.

Die Stoeiklub het dan ook vanjaar 'n groot aantal stoeiers na die S.A.U. in Kaapstad gestuur, waar die manne hulle ook deeglik laat geld het. Dit is egter jammer dat heelwat van die manne nie na die Kampioenskappe kon gaan nie, aangesien daar beslis manne gebly het wat sake vir die ander Universiteite sleg deurmekaar kon krap.

INTERVARSITY

Vir die eerste keer in die geskiedenis is daar dan ook vanjaar op Intervarsity-grondslag met U.O.V.S. gekompeteer. Die Vrystaters is baie beslis op eie werf totaal oorrompel. Die Pukke het nl. 7 van die 8 gevegte gewen, 6 waarvan met valle. Die enigste geveg wat die Pukke moes prysgee, was 'n puntebeslissing en teen 'n baie swaarder teenstander.

In die Middelgewigafdeling het Piet Goosen van die Puk te staan gekom teen die Junior S.A. Ligswaargewigkampioen, wat terloops nie 'n Kovsie is nie, maar wel op 'n puntebasis vir U.O.V.S. deelgeneem het. Ten spyte van sy geweldige gewigsvoordeel, was hierdie kampioen egter nie opgewasse vir die kampioen van die Puk nie.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."

Besoek

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei

- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies

ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE

Tel. Nrs. **12 en 2582**

Kerkstraat 122 Posbus 171

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

Sportgeselsie deur Rydan

SWAK VERSKYNSEL

Namens die sportredaksie wil ons alle Pukke wat op sportgebied aan Intervarsity deelgeneem het, van harte bedank vir die goeie vertoning daar gestel. Ongelukkig het 'n swak (maar tipiese) verskynsel hom na Intervarsity weer hier geopenbaar, naamlik die bywoning van oefeninge. Die bywoningsyfer by rugby en hokkie bv. het met 50 persent gedaal om dis 'n teken van swak sportmangees en selfdissipline.

Die resultate verlede Saterdag bewys hierdie stelling terdeë. Dis tog snaaks dat baie persone slegs sport beoefen soos dit hulle die beste bevoordeel, in plaas daarvan dat dit by sulke mense om die Universiteit moet gaan en nie om persoonlike eer nie.

Onthou Pukke, en veral voornemende kapteins van sportklubs (dis nou hulle wat ewe skielik vriendelik beginne lyk op die Campus) dit gaan om die sportklub en nie om eie eer nie.

Hiermee dan van die kant van die sportredaksie ons hartlike gelukwense aan die hokkieklub en aan ons mans eerstespan met hul tweede posisie op die Wes-Transvaalse punteleer.

* * *

RUGBYSPELERS LUI

,,Suid-Afrikaanse rugbyspelers is nie fiks nie en lui om te oefen, het mnr. Hannes Botha, organiseerder van atletiekafrigting in Suid-Afrika, onlangs in 'n artikel in 'n bekende Afrikaanse koerant gesê.

Ek stem volmondig met mnr. Botha saam, ook en veral wat ons rugbyspelers op die Puk betref. In die seisoen self word daar twee georganiseerde rugbyoefeninge per week gehou wat normaalweg gereeld deur die spelers bygewoon word. Maar om Saterdae in staat te kan wees om vir 80 minute aaneen jou allerbeste te kan gee, is dit hopeloos te min. Dinsdae en Donderdae behoort elke speler op sy eie een of ander vorm van oefening te doen.

Ons het wel vanjaar betreklik goed gevaar wat ons rugby betref, maar ek is oortuig dat ons met heeltemal fikse spelers nog beter kon gedoen het.

Nou lê die lang somermaande voor. Menige rugbyspeler slaak nou 'n sug van verligting en maak hom gereed om behaaglik agteroor te gaan lê en uit te rus. So 'n drie weke voor die rugbyseisoen volgende jaar begin, begin die speler dan so stadigaan te draf en as die wedstryde kort daarna begin, is dit blote geluk as die stram spiere nie beseer word nie.

Enige rugbyspeler behoort in die somer aan een of ander sportsoort deel te neem om fiks te bly en na my mening is die ideale sport daarvoor atletiek. Krieket of rolbal kan beslis nie dien as voorbereiding vir 'n harde sport soos rugby nie. Op die atletiekbaan kan die nodige stamina opgebou word, terwyl veral die agterspelers hul vaart met naellope geweldig kan verbeter.

* * *

RUGBYKRAG BEHOU

Ek verneem dat die moontlikheid sterk is dat die hele Theosspan van vanjaar weer volgende jaar vir die Puk beskikbaar sal wees. Nadat ons rugby verlede jaar 'n laagtepunt bereik het, het Theos vanjaar baie goed vertoon en 'n stewige fondament vir aanstaande jaar gelê.

Met heelwat talent onder vanjaar se O/20's en die moontlikheid van nuwe talent wat kan bykom in die Nuwejaar, lyk dit asof die Pukke volgende jaar die wêreld aan die brand gaan speel.

SKAAKKLUB

Ofskoon UKOVS met manne soos Morris en Fourie, 'n Vrystaatse ope kampioen en 5de op die Suid-Afrikaanse kampioenskap, en 'n S.A. Universiteite kampioen onderskeidelik in hul geledere teen die Puk kragte gemeet het, het die skaakklub slegs met 7—6 die loef moes afsteek teen die Vrystaters.

Ook het die Skaakklub vanjaar 'n stewige vertoning gelewer en dank ons Nic Vreken met sy bestuur daarvoon.

Aan Paul Steyn en sy manne ons gelukwense vir 'n aangename en suksesvolle sokkerseisoen agter die rug. Mag die geesdrif volgende jaar nog hoër opvlam.

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.

Telefoon 3458 — Posbus 43

Kerkstr. 159, Potchefstroom

RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE

BOUQUET

BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou Tel. 2002

POTCHEFSTROOM

PARKSIG

EIENDOMSAGENTSKAP

- HUISE
- PLASE
- PLOTTE
- BESIGHEDE
- STANDPLASE

Vir 'n eerlike transaksie sien of bel

1486 —— Na-ure 2054

(Eienaar: G. Schoonhoven)

FLEURETTE BLOEMISTE

Sleep in by Fleurette

VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG

KERKSTR. 143 TEL. 709

na aksie.. satisfaksie

vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED.

PUKKE ONGELUKKIG OM INTERVARSITY TE VERLOOR

'n Paar onverklaarbare beslissings deur die skeidsregter het tot gevolg gehad dat die Pukke hulle jaarlikse Intervarsitybotsing teen die Kovsies op Saterdag 22 Augustus met 19 punte teenoor 11 verloor het.

Indien dit nie vir die swak hantering van die wedstryd was nie, kon die telling net andersom gewees het of ten minste gelykop. By minstens drie geleenthede het die skeidsregter die Pukke òf van punte beroof òf foute van U.O.V.S. deur die vingers gelaat.

Na die verpletterende neerlaag van 28-5 wat die P.U. verlede jaar gely het, was hulle vertoning op Bloemfontein 'n morele oorwinning oor U.O.-V.S., wat alles behalwe trots kan voel oor die twyfelagtige oorwinning op hulle tuiswerf.

GEBIEDSVOORDEEL

Die eerste hefte was te taai om aanskoulik te kon wees. Albei spanne het mekaar min beweegruimte toegelaat. Die tuisspan het 'n gebiedsvoordeel geniet, was meer as die besoekers op die aanval en dit wou voorkom asof hulle oor meer slaankrag beskik het. Toe daar vir losskakel Gerhard de Haas na 'n lynstaan op die Pukke se kwartlyn 'n gaping so groot soos 'n speld se oog gelaat word, was hy soos blits daardeur om agter die pale oor te duik vir Willie Strydom om te vervyf. Die rustydtelling was dan ook 5-0 in die Kovsies se guns.

Die tweede helfte het sprankelende studenterugby so uit die boek opgelewer. U.O.V.S. het twee opportunistiese drieë deur hulle vleuels, Smit en Coetzee, tot die telling bygevoeg (11-0). Visser, vleuel van die Pukke, was een maal oor die doellyn maar die bal het uit sy hande gespat voordat hy kon druk.

HEF IN HANDE

Die Pukkies het nou die hef in die hande begin neem. Agtsteman Dawid Sauermann wat die wedstryd van sy lewe gespeel het, het eers die bal in U.O.V.S. se doelgebied toegeval en daarna is 'n strafdrie vir ontoelaatbare spel onder die pale toegeken wat deur Spekkies de Villiers vervyf is. Toe Spekkies die telling kort hierna met 'n strafskop op 11 punte elk te staan gebring het, het die spanning breekpunt bereik.

Nadat 'n strafskop aan U.V. toegeken is, besorg Willie Strydom die Kovsies weer 'n voorsprong van drie punte deur middel van 'n blitsige skepskop. Met weinig tyd oor boer die Puk nou op die aanval, maar die skeidsregter bring hulle in die war toe hy eers 'n skrum beveel na 'n kort skoppie van die Pukke toe U.O.V.S. naby hulle doelpale nie tien tree teruggeval het nie, en net daarna 'n drie deur senter Louw van U.O.V.S. toeken wat baie duidelik aangeslaan het. Willie Strydom vervyf weer om die uitslag bo enige twyfel te stel.

'n Toneel uit die Intervarsity-botsing van 22 Augustus. Dave Tromp, puik slotvoorspeler van die Pukke, bemeester die bal in 'n lynstaan voor die grypende hand van Venter van die Kovsies, terwyl Jona Viljoen (links) mooi ondersteun.

Foto: The Friend

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese Dienste
TOMSTRAAT 100 ——— POTCHEFSTROOM

EERSTE HELFTE HARD

Die eerste helfte van die wedstryd teen die Kovsies op 22 Augustus op Bloemfontein was bale hard en tonele soos hierdie was volop. Gieter van der Walt (skrumskakel) skop die bal uit na 'n vaste skrum.

Foto: The Friend

Gimmastiektoernooi Op P.U. Aangebied In Vakansie

Gedurende die Julie-vakansie het baie toernooie en kompetisies en toere plaasgevind. So ook is die Interuniversitêre Gimnastiek-toernooi hier plaaslik aangebied. Al die Universiteite, behalwe U.P. en Rhodes was verteenwoordig en die kompetisie was dus sterk.

Gedurende die twee dae van die toernooi (3 en 4 Julie) het die besoekers (behalwe Stellenbosch) in Klawerhof tuisgegaan. Wat opvallend was, is die goeie gees wat daar geheers het tussen die Engelssprekende studente en die Pukke.

Die besoekende gimnaste was hoogs beïndruk deur die gimnastiek-toerusting en het hulle nie alleen daaroor uitgespreek nie, maar briewe is ook ontvang na die toernooi vanaf Kaapstad en Wits.

Wat die uitslae aanbetref, het Wits die beste gevaar met die P.U. kort op hulle hakke:

Dames:

1ste	Wits	55.65 punte
2de	P.U.	50.72 punte

Mans:

1ste	Wits	63.97 punte
2de	P.U.	62.05 punte

In aanmerking geneem dat gimnaste soos Neville Graham (Springbok) en Anina Conradie in Wits se span ingesluit was, en ons kyk na die puntestand, kan Jorrie Jordaan en sy span geluk gewens word met die prestasie behaal. As een gimnas van die P.U. uitgesonder moet word, is dit sekerlik die ou veteraan, W. Putter, wat Protea-kleure verwerf het.

TAFELTENNIS VAAR SWAK

Die eerste mans tafeltennisspan het weer eens vanjaar die aftog moes plaas en kon UKOVS met Intervarsity daarin slaag om 9—3 te wen. Eerstejaar Pieter van der Walt het daarin geslaag om twee wedstryde in te palm en saam met Fides Viljoen het hulle ook die dubbelspel gebuit.

Al die ander spanne moes tevrede wees om met die kous oor die kop huis toe terug te keer.

SOKKER-SEISOEN EINDIG

Vir die eerste keer in die Puk se geskiedenis, het 'n P.U. sokkerspan aan die Wes-Transvaalse sokkerliga deelgeneem en hoewel hulle nie baie wedstryde kon wen nie, is daar tog baie ondervinding opgedoen. Verlede Saterdag het Potchefstroom Dorp B die Puk met 8 doele teenoor 7 verslaan en hiervan het Paul Steyn 5 doele aangeteken waarvan 3 strafskoppe was.

PUK SE HOKKIESPAN TREK NOUSTROP

Beide die dames- en manshokkiespanne van die Puk het die afgelope paar wedstryde aan die verloorkant stelling ingeneem. Waar die dames met 3—1 teen UKOVS verloor het, moes die 1ste manshokkiespan met 6—0 en die 2de span met 3—2 die onderspit delf.

Die hokkie wat gespeel is, was deurgaans van goeie gehalte gewees en ofskoon die tellings nie altyd getroue weergawes van die verskillende wedstryde was nie, het die Kovsies verdien om te wen.

Verlede Saterdag is die hokkieseisoen op 'n hoë noot afgesluit met twee wedstryde teen Tuks. Die Pretorianers het nadskraapoorwinnings behaal in beide wedstryde. Die goeie gesindheid tussen die twee Universiteite is weer eens verstewig op die hokkieveld asook daarna waar die Pukke hul teenstanders by die Buiteklub getrakteer het.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

P.U. LANDLOOPSPAN SKITTER

As daar een klub is wat vanjaar werklik groot hoogtes bereik het, dan is dit die landlopers. Op die onlangs gehoue Inter-Universitêre Landloopkampioenskappe het die Puk hom besonder goed van sy taak gekwyt.

Leendert Snyman het naamlik daarin geslaag om uit 56 deelnemers die 6de posisie te beklee en om sodoende gekies te word vir die gekombineerde S.A. Universiteitespan wat teen die W.P. meegeding het. Dis voorwaar 'n groot prestasie. Dewald Steyn het 21ste geëindig, Baas Buys 26ste en Fanus Heysteck 34ste.

Wat die Intervarsity betref, het die Puk weer eens soos in die verlede skoonskip gemaak en het Leendert, Dewald en Fanus eerste, tweede en derde die wenpaal verbygesteek.

Twee van die atlete, Leendert Snyman en Dewald Steyn, is gekies om Wes-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe te Stellenbosch gedurende die langnaweek te gaan verteenwoordig. Ons hartlike gelukwense vergesel hierdie twee landloopmanne.